JERIGO MURE GEBEDSGIDS – MAART 2009

MAAR GOD

Beste Bidders

Dit bly 'n uitdagende tyd waarin ons lewe. Omstandighede mag nooit 'n Christen se gedrag bepaal nie. George Mueller het by geleentheid gesê: "No anxiety ought be found in a Christian." (**Fil.4:6**). Ons moet binne die omstandighede in die vrede van God lewe, heilig lewe, vredemakers wees, regverdig lewe, lig en sout wees en nie bitter raak nie. Ons is in so 'n tyd in die geskiedenis van ons land.

Gebedsfokusse: Maart tot Junie 2009

Vir die volgende paar maande gaan ons spesifiek in gebed fokus op areas van die samelewing in nood. Ek wil jou aanmoedig om te bid volgens hierdie spesifieke gebedsfokusse en tyd in jul gebedskamer en jou persoonlike gebedstyd daarvoor te beplan. In Maart fokus ons op die armes en behoeftiges van ons land en die wêreld, op hongersnood en die nood van vroue. In Aprilmaand fokus ons op die opkomende verkiesing. Wil jy nie vir God vra hoe julle spesiale tye van gebed vir ons land in jul gemeente of gemeenskap kan reël in hierdie maand nie? In Mei fokus ons hoofsaaklik op die *10 Dae* van dag-en-nag gebed en die *Wêrelddag van Gebed*. Lees gerus meer oor hierdie onderwerpe in ons spesiale artikel oor 24-7 Gebedsfokusse vir gebedswagte.

Belangrike datums vir Maart tot Mei 2009

Op 6 & 7 Maart vind die *Wêrelddag van Gebed* vir vroue en mans plaas. Oorweeg om meer inligting te bekom en manne en vroue op te roep om saam te bid. Op die 20ste Maart roep ons die hele land op vir 'n *Nasionale Dag van Gebed* met die oog op die komende verkiesing. Meer inligting oor hoe en wat om te doen om hierdie geleentheid in jou gemeente of gemeenskap te reël, is beskikbaar by 20 Maart in hierdie boekie en ook vanaf ons kantoor, tel.: 012 365 3213, webruimte: www.jwipn.com, e-pos: info@jwipn.com. Tydens 21-30 Mei neem duisende mense regoor die wêreld deel aan die *10 Dae* van dag en nag gebed wat oploop na die *Wêrelddag van Gebed* op 31 Mei 2009. Vra die Here om jou te wys hoe Hy wil hê jy betrokke moet wees by hierdie verskillende geleenthede t.o.v. jou werk, gemeente of gemeenskap.

God vra dat ons sal bid

Gebed kom uit die hart van God. Gebed is nie iets wat uit onsself kom nie. Dit begin nie by ons nie. Dit begin by God. God het ons as Sy verteenwoordigers op aarde gemaak en Hy wil dat ons na Hom sal kom om Hom te vra om in ons wêreld te werk. Meer nog: dit is Hy wat in ons werk om te wil sowel as om te werk. (**Fil.2:12-13**). M.a.w. dit is Hy wat die begeerte om te bid in ons hart wek en ons dan ook gewillig en bekwaam maak om te bid. Dit is vanuit Sy krag dat ons kan bid.

Dit is God wat ons vra om te bid. Dit is nie asof ons sommer net self besluit om te bid of nie te bid nie. God vra dat ons sal bid. Maar die gebed gaan ook saam met geloof. God se probleem is nie om te doen wat ons vra nie, maar of ons Hom sal glo. Sal ons glo dat Hy sal en kan doen wat ons vra?

Een van die belangrikste redes waarom mense twyfel of hulle gebede verhoor sal word, is omdat hulle nie weet of dit wat hulle bid, die wil van God is of nie. Een van die sekerste maniere om binne die wil van God te bid, is om God se bevele en beloftes in die Skrif te bid. Soms is daar nie direkte Skrifgedeeltes of beloftes oor spesifieke sake nie, maar wanneer ons die Skrif lees, sien ons wat in die hart van God is. Die Skrif is egter baie duidelik daaroor dat ons optrede vol genade, liefde en vergifnis moet wees, dat ons regverdig en vrygewig moet wees en reg doen. Net hierdie paar beginsels alleen sal ons help om in baie situasies te weet watter rigting ons moet neem. Bid totdat jy weet wat Sy wil is en vra dan in geloof dít wat jy weet wat Sy wil is. Al neem dit 'n lang tyd om uit te vind wat God se wil is, is dit steeds die beste pad om te volg. Ek wil sê dat die grootste gedeelte van gebed daaruit bestaan om uit te vind wat die wil van God is.

Verbintenis/toewyding (commitment) en oorgawe
Daar word deesdae baie gemaak van "commitment". Oor alles word daar vir ons gevra om 'n verbintenis (commitment) te maak. Die Bybel gebruik egter die woord oorgawe (surrender). Daar is 'n groot verskil tussen die twee woorde. In die woord verbintenis (commitment) is ek in beheer, ek besluit hoeveel en wat ek wil "commit". Maar in oorgawe gee ek alles en daarna het ek geen beheer meer daaroor nie. Lees meer hieroor in ons artikel oor "Verbintenis en oorgawe".

Mag God jou help om oor te gee en nie net te "commit" nie.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20

Wat, waar en wanneer: Nasionaal

6 Maart 2009: *Wêrelddag van Gebed vir Vroue*
Die Wêrelddag van Gebed vir Vroue is 'n wêreldwye beweging vir Christenvroue wat elke jaar 'n gesamentlike dag van gebed wil hou. Hierdie jaar gaan vrouens, mans en kinders uit meer as 170 lande saamkom om te bid onder die tema "In *Christus is ons baie Lede, maar net Een Liggaam."* Vir meer inligting, kontak *Women's World Day of Prayer* (Sandra Pillay), Posbus 2002, Kemptonpark, 2002. Tel.: 011 975 4598, faks: 011 975 2537. Webruimtes: http://www.worlddayofprayer.net/ of www.wwdp.co.za of e-pos: wwdp@telkomsa.net

7 Maart 2009: *Wêrelddag van Gebed vir Mans*
Mans kom ook in Suid-Afrika saam om te bid dat die wêreld tot die lig van Jesus sal kom . Op 7 Maart kom hulle op verskeie plekke en verskillende tye saam onder die tema: *God se emigrasieplan.* Vir meer inligting kontak asseblief vir Ben Ferreira: sel: 082 901 4219, tel.: 011 919 9038 (k), 012 348 4966 (n/u), e-pos: wereldbiddag@absamail.co.za

18-26 April 2009: *He's Alive* opvoerings
Passion Play Ministries van Kaapstad bring hulle jaarlikse opvoering van "He's Alive" in die Bellville Staatsteater op die planke. Hulle is deel van 'n *International Ministry* wat jaarliks 140 000 mense bereik op drie kontinente (Afrika, Asië en die VSA). Hulle is 'n interkerklike bediening wat fokus op inreik sowel as op uitreik. Hierdie jaar sal dit hulle 12de opvoering wees. Vir meer inligting kontak asseblief vir Bronwyne Scott, sel: 084 769 7350 of David de Villiers, sel: 072 585 2913. Webruimte: www.passionplay.org.za

24-26 April 2009: *The Mighty Men Conference*
Die *Mighty Men Conference* vind weer plaas vanaf 24-26 April 2009 by Shalom. Die tema vir 2009 is uit Galasiërs 4:28; ons is *'kinders van die belofte'.* Bid asseblief vir die konferensie. *Shalom Ministries*, Posbus 373, Greytown, 3250. Tel.: 033 417 1695, faks: 033 417 1425. Webruimtes: www.shalomtrust.co.za of www.mmc09.co.za of e-pos: shalom@futuregtn.co.za

Wat, waar en wanneer: Internasionaal

18-19 April 2009: *"Just Pray NO!" Ltd. Wêreldwye Naweek vir Gebed en Vas*
Die naweek van 18-19 April 2009 is aangewys as die 19de jaarlikse *"Just Pray NO!" Wêreldwye Naweek vir Gebed en Vas* teen dwelms. Sedert die 7de April 1991 het *"Just Pray NO!" Ltd.* gepoog om Christene oor die wêreld te verenig in intersessie vir verslaafdes en hulle gesinne. Kerke, bedieninge en gemeenskapsorganisasies kan aktief deelneem deur aan een of meer van hulle voorgestelde aktiwiteite deel te neem of hulle eie aktiwiteite te beplan. Vir meer inligting, besoek die webruimte http://www.justprayno.org/

6-7 Junie 2009: *Wêreldwye Naweek van Gebed vir Kinders in Nood*
Verlede jaar het die Here meer as 4 miljoen mense in 100 lande in staat gestel om te bid vir die nood van kinders oor die wêreld. Bid saam met ons in hierdie tyd vir ons kinders in nood, dat die Gees van die Here

deur die strate en in gemeenskappe sal beweeg en die kinders met Sy liefde sal omarm, dat Hy Sy diensknegte sal versterk en baie meer sal roep om vir elke kind om te gee. Vir meer inligting, besoek die webruimte www.viva.org of stuur 'n e-pos na pray@viva.org

Wat is aanlyn?

Webruimte: http://www.freeenglishnow.com
Die FreeEnglishNow (FEN) webruimte versprei CD's van die hele 16-les kursus, sowel as lesse wat afgelaai kan word in TXT en MP3 formaat vir maandelikse gebruik. Lesse in gesproke Engels sluit in agt hoofstukke uit die boek Handelinge in moderne Engels en genoeg klankopnames vir praktiese studie in Engels vir nege maande. *FEN* bereik jong professionele mense en universiteitstudente in 188 lande wat nie deur die georganiseerde Kerk bereik word nie.

Webruimte: http://www.unreached.org/index.php
Lees elke dag oor 'n ander onbereikte groep. Leer hoe jy die materiaal uit die webruimte gratis kan gebruik. Hierdie is nog 'n uitstekende werktuig van die *Joshua Project* en word sterk aanbeveel.

Webruimte: www.faithcomesbyhearing.com
Die oudio Bybelbediening *Faith Comes By Hearing (FCBH)* het onlangs die beskikbaarheid van 7 Nuwe Testament klankopnames in Afrikaans, Chuj San Mateo Ixtatan, Javaans Karibies, Kirgies, Kuranko, Otomi Mezquital, en Thai bekendgestel. Individue kan die opnames, sowel as ander MP3 Bybels gratis van die webruimte aflaai. Hierdie nuwe opnames wat 'n potensiële gehoor van oor die 105 miljoen mense oor 4 kontinente verteenwoordig, bring die totale getal beskikbare skrifgedeeltes in klank, te staan op 341 opnames in 287 tale. *FCBH* se doel is om die Bybel in klank op te neem in 2 000 tale teen die jaar 2016 en daardeur 97% van die wêreld se bevolking kan bereik.

Webruimte: http://estudysource.com
eStudySource is die alleenverskaffer van beste verkoper digitale inhoud in *e-Sword* formaat aan meer as 5 miljoen *e-Sword* gebruikers en is die grootste verskaffer van die beste digitale bronne in ander formate. *eStudySource* voorsien Christene van die beste digitale Bybels, studiehulpmateriaal en Christelike hulpbronne om mense te inspireer en toe te rus om die Woord van God te verstaan en te deel.

Webruimte: http://www.atfp.org/pray/ways-to-pray/ en http://www.atfp.org/pray/find-a-terrorist-or-terrorism-sponsor-to-adopt/
Vind riglyne aanlyn oor waarom en hoe om vir terroriste te bid. Hulle bied ook 'n profiel van iemand wat betrokke is by terrorisme vir wie jy kan bid.

HET JY GEWEET?

Rotterdam, Holland: Tel jou seëninge!
'n Onlangse studie in opdrag van die stadsraad in Rotterdam, Holland, oor die sosiale bydrae van Christenkerke, het bevind dat die stad bankrot sal raak as die kerke vandag hulle vrywillige werk staak . Hulle spaar die stad tot soveel as 130 miljoen euro elke jaar en lewer 'n betekenisvolle bydrae tot die skepping van sosiale eenheid en integrasie. Die helfte van gereelde kerkgangers – ongeveer 25 000 – is aktiewe vrywilligers wat meestal meer as agt ure per week wy aan vrywillige werk. Hierdie aktiwiteite sluit in inligtings- en opvoedkundige kursusse en sosiale hulpprogramme. Vrywilligers bied nood finansiële hulp, bedryf programme soos voedselbanke en maaltye op wiele, staan treurendes by, help met tuiswerk, gee taal- en rekenaaropleiding, ens. (Bron: Jeff Fountain, Hope for Europe).

22 Maart 2009: *Wêreld Waterdag*
Feite oor water, drinkwater en waterverwante siektes
'n Beraamde 1,1 biljoen mense het nie toegang tot gesuiwerde watervoorsiening nie – dit beloop ongeveer een uit ses mense op die aarde. Ongeveer 2,6 biljoen mense in die wêreld het nie ordentlik beheerde sanitasie nie. Minder as 1% van die wêreld se vars water (of ongeveer 0.007% van al die water op die aarde)

is geredelik toeganklik vir direkte menslike gebruik. 'n Mens kan weke sonder kos klaarkom, maar net 'n paar dae sonder water. Die gemiddelde Amerikaner gebruik elke dag 380 tot 670 liter water in die huis in vergelyking met die gemiddelde Afrika gesin wat elke dag 55 liter water gebruik. Miljoene vrouens en kinders spandeer daagliks ure aan die haal van water ver van die huis af, dikwels uit besoedelde bronne. (Webruimte: http://www.water.org/waterpartners.aspx?pgID=916).

Selfone beheer die uitbreek van polio in Kenia
'n Potensiële polio-epidemie in Kenia is gemonitor en beheer deur die gebruik van 'n selfoontoestel genoem *EpiSurveyor*. Daar was 21 jaar lank geen poliogevalle in Kenia nie totdat daar twee jaar gelede in die noordooste van Kenia 'n nuwe geval opgespoor is onder Somaliese vlugtelinge. Die sukses van hierdie toestel in Kenia, sowel as die beskikbaarheid van selfone selfs in die armste nasies, het tot die gevolg gehad dat die *WGO (Wêreld Gesondheidsorganisasie*) die projek uitgebrei het tot nog 20 Afrikalande. (Webruimte: http://www.scidev.net/en/features/how-mobile-phones-contained-kenyan-polio-outbreak.html).

AANHALINGS

Die krag van gebed is nog nooit ten volle in enige kerk benut nie. As ons magtige wonders van goddelike genade en krag wil sien wat teweeg gebring word in die plek van swakheid, mislukkings en teleurstellings, laat die hele Kerk God se steeds staande uitdaging aanvaar: 'Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.' - *James Hudson Taylor*

Oral waar die Kerk ontwaak het en die wêreld se boosheid openbaar is, was daar iemand wat gebid het. - *A. T. Pierson*

Leef jy vir die dinge waarvoor jy bid? - *Austin Phelps*
As enige iemand sal opstaan en homself uitsluitlik aan die werk van gebed toewy, hoe wonderlik sal dit nie wees nie! God wag vir diegene wat saam met Hom sal werk sodat Hy in staat sal wees om Sy werk te voltooi. Sommige Christene vra waarom die Here nie meer sondaars red nie, waarom Hy nie elke Gelowige bekragtig om 'n oorwinnende lewe te lei nie. Ek glo eerlik dat Hy verseker juis dit sal doen as mense net sal bid. - *Watchman Nee*

As ons alle dinge teen mekaar opweeg, dan is ons gebede net so kragtig soos ons lewens. Op die lang duur bid ons net so goed as wat ons leef. - *A.W. Tozer*

Gebed sal effektief word as ons ophou om dit as 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid te gebruik. - *A.W. Tozer*

Gebed oorwin nie God se onwilligheid nie. Dit gryp God se gewilligheid vas. - *George Mueller*

Geloof in 'n God wat gebed verhoor, verander 'n Christen in iemand wat gebed liefhet. - *John Owen*

Intensiteit is 'n gebedswet. God word gevind deur hulle wat Hom soek met hulle hele hart. Worstelende gebed oorwin. Die vurige gebed van die regverdige het groot krag. - *Samuel Chadwick*

O, die heiligheid en krag van gebed wanneer dit besit neem van die hart en die lewe! Dit hou 'n mens voortdurend in gemeenskap met God. Dan kan ons met oorgawe sê: *In U stel ek elke dag my verwagting* (**Ps.25.5).** Kom ons wees versigtig om nie net aandag te gee aan die hoeveelheid tyd wat ons met God in gebed deurbring nie, maar ook aan die krag waarmee gebed besit neem van ons hele lewe. - *Andrew Murray*

Gebedsfokusse vir 24-7 gebedswagte: Maart – Junie 2009

Die gebedspunte op hierdie bladsy sal diegene wat betrokke is by 24-7 huise van gebed aanmoedig en help om in gebed te fokus op dieselfde dinge op dieselfde tyd. Dit is slegs riglyne en gebedswag koördineerders kan ander fokuspunte byvoeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg om hierdie gebedsfokuspunte op kreatiewe wyse in julle gebedskamer op te sit of om dit in jou stiltetyd te gebruik nie? Vertel ook vir ander mense en moedig hulle aan om tydens elkeen van die maandelikse fokustye vir hierdie sake te bid. Meer inligting oor hierdie sake is gratis beskikbaar van ons webruimte by: www.jwipn.com. Onthou ook om in te teken op ons e-pos gebedsbrief wat op weeklikse basis gebed vir meer aktuele sake hanteer by e-pos: cape@jwipn.com

Maart: Armes en behoeftiges, hongersnood; vroue en kinders

Wie word nie oorweldig deur die geweldige nood van mense wat magteloos vasgevang is in armoede, hongersnood en die geweld waaraan kinders en vrouens blootgestel word nie? Ons mag nie genadeloos toekyk en ons skouers optrek en sê hulle is maar grootliks self die oorsaak daarvan nie. Dit is net nie waar nie. Daar is min van hierdie mense wat in hierdie situasies vasgevang is omdat hulle sleg of onverantwoordelik is. Laat ons gedurende Maart vir hierdie mense se nood bid.

April: Nasionale verkiesing

God stel regerings aan. God gee vir 'n land regeerders. God neem regeerders weg wat nie goed regeer nie. (**Jer.18:7-10**). Laat ons ons in April op God beroep om vir ons regeerders te gee wat regverdig sal regeer. Ministers, adviseurs, direkteur-generaals, senior regerings- en staatsamptenare moet aangestel word. Bid dat mense wat reg en waarheid eer en liefhet, wyse manne en vroue, aangestel sal word. Bid met geloof. Moenie met menslike oë kyk nie. Kyk vanuit die almag van God na die land en bid vanuit Sy groot en goeie beloftes vir ons land. God is 'n God van hoop en lewe. Bid vir nuwe hoop en lewe.

Mei: *Wêrelddag van Gebed*

Op 21 Maart 2001 het meer as 40 000 mense op die Nuweland Rugbystadion bymekaar gekom vir 'n dag van verootmoediging en gebed. Teen 2005 het dit gegroei tot 'n *Wêrelddag van Gebed* wat jaarliks op Pinksterdag plaasvind met *10 Dae* van dag en nag gebed wat dit voorafgaan. Verlede jaar het 215 van die 220 lande in die wêreld deelgeneem aan hierdie dag van gebed en vanjaar bid en vertrou ons dat die orige 5 lande ook sal deelneem. Laat ons saam met Christene oor die hele wêreld die aangesig van die Here soek vir herlewing, die redding van ongereddes, vir die krag van die Heilige Gees in die Kerk, vir transformasie van gemeenskappe en dat God se hoop in die donker plekke op aarde sal deurbreek.

Junie: Fokus op *Kinders in Nood*

Daar is soveel geweld teen kinders. As ons na die ashope (letterlik bedoel) kyk, sien ons verwaarloosde kinders. Ons sien die 7 miljoen straatkinders in Brasilië, kindersoldate wie se oë dood is en kinders wat saam met hulle ouers die trauma van oorlog beleef. Dan is daar kinderprostitusie, slawerny en kinderarbeid. Mag ons in hierdie maand tyd vind om stil te gaan sit om net oor die nood van kinders te dink. En mag dit wees dat God vir ons trane sal gee om oor die kinders te huil. Mag ons harte breek vir hierdie gebroke kinders. En mag God ons genadig wees om met geloof en trane te bid en daarna te doen wat ons hande vind om te doen.

Junie-Augustus: *90 Dae van Seën*

Na die *Wêrelddag van Gebed* op Pinksterdag elke jaar, word die Kerk aangemoedig om vir 90 dae hulle gemeenskappe prakties met die liefde van die Here Jesus te bedien. Hierdie jaar is die fokus om met praktiese liefde uit te reik na groot gemeenskappe wat verwaarloos is. Bid saam met miljoene oor die wêreld en vind 'n manier om prakties betrokke te raak. By die gebedspunte vir elke dag is daar 'n praktiese wenk om jou te help om na mense wat langs die pad vergeet word, uit te reik.

MAART 2009

Sondag 1 Maart 2009

Memoriseer
Leer my u pad, Here, ek wil wandel in U waarheid; leer my U met toewyding dien (**Ps.86:11**).

Verhef Sy Naam: El Gibbor, ons verhef U Naam as "Magtige God" oor die hele aarde (**Jes.9:6)**. Mag alle mense U mag bo alles vrees.
Vertoon Sy karakter: Barmhartige en genadige God, laat die Kerk opstaan, lewe en U verkondig as die Een wat lankmoedig en vol liefde is, en dat U nie met ons handel volgens ons sondes nie en ons nie vir ons ongeregtighede vergeld nie (**Ps.103:8-10**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners: Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol (**Jes.1:18**).
Smeekgebed om genade: Jesus Christus, ontferm U oor ons, vergewe ons ons sondes, versag ons harte en vernuwe ons gedagtes.

Gebedsfokus op redding: *Christian Motorcyclists Association (CMA)*
CMA is 'n sterk evangeliese uitreiksending aan die hele motorfietsgemeenskap. Hulle versoek gebed vir wanneer hulle in duistere plekke ingaan, soos byeenkomste van motorfietsryers, kroeë en ander funksies. Waar motorfietsryers bymekaar kom, sal daar altyd iemand van die *CMA* teenwoordig wees. Christenmotorfietsryers kom voor 'n ruwe klomp mense te staan, soms ook demoniese situasies, seksuele perversie, en drank- en dwelmmisbruik. Bid vir hulle beskerming. Bid asseblief vir die *Freedom Road Rally*-uitreik wat vandag ten einde loop, vir hulle uitreik tydens die Paasnaweek en die res van Maart. (Janet Kilian, *CMA Western Province*. Tel.: 021 982 2303 of faks: 021 982 0997. E-pos: cmawp@absamail.co.za).

Maandag 2 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir die registrasieproses van kiesers wat oral gaan plaasvind en dat stemlokale effektief en korrek sal funksioneer.

Gebedsfokus op redding: Bedelaars
Duisende mense in Suid-Afrika staan op straathoeke en bedel. Baie volwassenes gebruik kinders om namens hulle te bedel en vat dan hulle geld. Ander bedel op straat omdat hulle so 'n hoër inkomste verkry as wat 'n dagloon elders sou wees. Bid vir die redding van bedelaars, beide volwassenes en kinders. Vra dat hulle geleenthede sal kry om voltyds in diens geneem te word en dit sal aangryp. Bid dat hulle ander nie sal beroof nie, maar hulle lewens ten goede sal verander.

Gebedsfokus op armoede: Wêreldgebedsweek teen armoede
Tearfund is 'n Christelike noodlenigings- en ontwikkelingsagentskap wat met 'n globale netwerk van plaaslike gemeentes werk om armoede te help uitroei. Hulle wil in die volgende tien jaar help om 50 miljoen mense uit materiële en geestelike armoede te bevry deur middel van 'n wêreldwye netwerk van 100 000 plaaslike gemeentes. Die eerste naweek in Maart is die begin van 'n weeklange gebedsgeleentheid met die fokus op gebed vir deurbrake wêreldwyd. (Katy Lake, Enquiries Officer, Tearfund, 100 Church Road, Teddington, Middlesex, TW11 8QE. Webruimte: www.tearfund.org of e-pos: enquiry@tearfund.org). Kom ons bid saam tot God om 'n ommekeer te bewerkstellig vir die armes en behoeftiges regoor die wêreld. Roep steeds tot God dat alle mense die geleentheid sal kry om die evangelie van Jesus Christus te hoor en aan te neem.

Dinsdag 3 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir 'n afname in misdaad, huisbraak, aanranding, moord en kapings in ons land, veral in die tydperk voor die verkiesing. Bid vir die beskerming van alle mense, waar hulle ook al is, in hulle kom en gaan.

Gebedsfokus op hongersnood: Droogte bedreig ses miljoen kinders
Tot soveel as ses miljoen kinders onder die ouderdom van vyf jaar in Ethiopië woon in verarmde, droogtegeteisterde distrikte en benodig dringend die voortsetting van voorkomende gesondheidsorg en voeding. Ongeveer 126 000 kinders ly reeds aan ernstige wanvoeding en het dringend behandeling nodig. Die *World Food Programme* benodig $147 m vir die tekort van 183 000 metrieke ton voedsel wat nodig is om in die land se behoeftes te voorsien. (Webruimte: http://www.news24.com/News24/Africa/News/0,,2-11-1447_2325839,00.html). Roep tot die Here dat Hy vir Ethiopië en ander lande met soortgelyke probleme sal voorsien. Vra dat hulle ook geleenthede sal kry om die evangelie te hoor, en dat sowel hulle fisiese as geestelike hongersnood volkome uitgewis sal word.

Woensdag 4 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir onderskeidingsvermoë vir arm en ongeletterde persone, dat hulle nie deur mense se menings en vals beloftes beïnvloed sal word nie, maar hulle hoop op God sal plaas as die enigste Een wat vir hulle kan voorsien.

Gebedsfokus op gevangenisse: *Prison Broadcasting Network*
Nog ses vrywilligers het by die radiostasie aangesluit en het nou hulle opleiding voltooi. In 2008 was daar meer versoeke van oortreders dat die radiostasie in hulle selle aangeskakel moet word as ooit tevore. Dank die Here vir die verhoring van gebede soos hierdie. Bid asseblief dat hulle guns by die owerheid sal geniet en hierdie versoek toegestaan sal word en dat hulle dit binnekort sal implementeer. (*Prison Broadcasting Network*, Posbus 281, Steenberg, 7947. Tel.: 021 701 0163 (ateljee), sel: 082 488 8345 (Marius). Webruimte: www.prisonbroadcast.org.za of e-pos: info@prisonbroadcast.org.za).

Mans wat bid: Herstel huisgodsdiens

Statistiek bewys dat 81% van getroude paartjies wat elke dag hulle Bybels saam lees en saam bid, nie skei nie. Die gevolg is dat gesinne ook in groter vrede met mekaar saamleef. Die persentasie verander drasties wanneer paartjies dit nie doen nie.

In 'n baie besige samelewing is dit baie moeilik om gesinne op dieselfde tyd rondom 'n tafel bymekaar te kry om huisgodsdiens te hou, saam te lees, te bid en te besin oor die toepassing van die Woord in ons daaglikse lewens. Die moeilikste plek om 'n Christen te wees, is gewoonlik (behalwe met groot uitsondering) in jou eie gesin. As ons dit daar kan laat werk, word dit maklik om dit op ander plekke uit te leef. Maar dit is ook so dat die huis vir ons 'n plek bied waar ons veilig kan wees en onsself kan wees. Hieronder volg 'n aantal wenke om huisgodsdiens, of die huisaltaar weer te herstel.

- Probeer om minstens twee geleenthede per week te kry om saam huisgodsdiens te hou. Dit kom nie vanself nie. Dit is 'n keuse. Party gesinne vind dit maklik om bykans elke dag saam huisgodsdiens te hou. Sommige gesinne verkies dit in die oggend en ander in die aand. Soos wat 'n besluit geneem word om saam vakansie te hou en alles so te reël dat dit vir elke gesinslid moontlik is, so moet 'n gesin 'n keuse maak om huisgodsdiens te laat werk.
- Laat elke gesinslid sy Bybel saambring wanneer daar huisgodsdiens gehou word.
- Gewoonlik kan die hoof van die huis 'n gedeelte lees en dan geleentheid gee vir die gesin om hulle gedagtes met mekaar te deel. Die gesinslede kan ook beurte maak om die huisgodsdiens te lei. Dit help baie as die persoon wat verantwoordelik is vir die dag se huisgodsdiens 'n bietjie ekstra moeite doen en voorberei daarvoor.
- Wanneer julle oor die onderwerp of skrifgedeelte gesels, probeer om praktiese vrae uit die gedeelte te vra, hoe hierdie gedeelte betrekking op ons daaglikse lewe het, ens. Dikwels kom daar 'n saak na vore waarmee die hele gesin, of een van die gesinslede, in hul persoonlike lewe sukkel. Hieroor kan gebid word as afsluiting vir die gebedstyd van die gesin saam.
- Dit is nie verkeerd om soms 'n besondere dagstuk, 'n bladsy of paragraaf uit 'n ander boek saam te lees nie, maar die lees van die Bybel moet sentraal bly. Ons verlaat onsself te maklik op dagboeke en dagstukkies wat ander mense geskryf het i.p.v. om self te lees wat God sê.

- Gee geleentheid vir gebed. Praat eers oor 'n paar sake waarvoor julle wil bid. Dit kan persoonlike dinge wees bv. oor die skool waar die kinders skoolgaan of pa en ma se werk of sake uit die koerant of in die land. Moenie vergeet om vir die ander lande te bid nie. Bid vir die onbereiktes en die nood in ander lande. Elke gesinslid kan selfs kies waarvoor hy/sy graag wil bid.
- Bid vir julle plaaslike gemeente, die geestelike leiers en herlewing in die Kerk, die regering, sendelinge en die uitbreiding van die Koninkryk van God.
- Dit is 'n baie goeie idee om 'n gebedsjoernaal te kry waarin julle as gesin gebedsversoeke kan neerskryf waarvoor julle deur die loop van die jaar bid. Skryf die gebedsversoek neer en die datum wanneer julle dit gebid het. Laat 'n reël of twee oop, sodat wanneer die antwoord kom, die antwoord en datum daar ingeskryf kan word. Aan die einde van die jaar kan julle teruglees en na die versoeke kyk. Julle sal verbaas wees hoeveel antwoorde daar op gebede was. Dit sal julle as gesin versterk en bemoedig om aan te hou bid.
- Soms mag die verhoudinge in die gesin stram wees. Praat oor die dinge wat spanning en verwydering bring. Bid daaroor. Moenie in die gebed vir mekaar preek of mekaar aankla nie. Geen gesin kan sonder die woorde "Ek is jammer" en "Vergewe my" lewe nie. Vergifnis is deel van die wese van die evangelie. Selfs as julle so verskil dat daar nie 'n oplossing is nie, bid dan en vra die Here om deur die Heilige Gees 'n oplossing te gee.
- In baie gesinne is daar een of twee gesinslede wat nie ten volle aan die Here oorgegee is nie. Sommige kan selfs ongered en baie rebels wees. Werk sag en geduldig met hulle. Moet hulle nie dwing om te bid of selfs uit die Woord te lees nie, maar vra hulle om te kom om saam huisgodsdiens te hou. Moenie veroordeel nie. Hulle mag nooit voel dat hulle minderwaardig is of dat hulle vreeslike sondaars is wat net eenvoudig hel toe sal gaan nie. Gee liefde. As hulle dwars vrae stel, luister. As daar nie 'n goeie antwoord vir die vraag is nie, sê dan so. Moenie voorgee dat julle al die antwoorde het nie. Moenie by 'n argument betrokke raak nie. Sê dat julle daaroor sal dink en bid en 'n antwoord soek. Betoon genade en gee vir hulle dieselfde genade as dit waarmee God jou begenadig het.
- Onthou, huisgodsdiens vervang nooit jou persoonlike stiltetyd nie.

Donderdag 5 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir almal wat die reg en orde moet handhaaf, byvoorbeeld die polisie, verkeersdepartemente, sekuriteitsmaatskappye, dat hulle kan voortgaan om dit sonder huiwering te doen, met groot gesag en ten spyte van moeilike omstandighede.

Gebedsfokus op gesondheid: Laagste lewensverwagting

Lewensverwagting is die gemiddelde aantal jaar wat 'n pasgebore baba kan verwag om te leef as die huidige sterftekoers in aanmerking geneem word. Suid-Afrika beklee die tiende plek onder die tien lande met die laagste lewensverwagting in die wêreld, met 42,37 jaar. Swaziland, Botswana, Lesotho, Angola, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek en Liberië beklee almal 'n hoër posisie as Suid-Afrika (*Top 10 of everything in the world,* 2008). Al hierdie lande, behalwe Liberië, is in Suidelike Afrika geleë. Roep tot die Here om eens en vir altyd die gety van dood aan die suidpunt van Afrika te laat draai. Bid dat die miljoene wat so jonk sterf, Christus sal vind.

Vrydag 6 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir almal in gesagsposisies, soos die regering, sakelui, die vermaak- en sportbedryf, sodat hulle byvoorbeeld nie omkoopgeld sal aanvaar of by onwettige saketransaksies wat ander nadelig sal beïnvloed, betrokke sal raak nie.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed vir vroue*

Die *Wêrelddag van Gebed vir Vroue* is 'n wêreldwye beweging van Christenvroue om elke jaar 'n gesamentlike dag van gebed te hou. Vanjaar gaan vroue, mans en kinders in meer as 170 lande bymekaar kom om te bid volgens die tema: *"In Christus is ons baie lede, maar tog een liggaam."* Dank die Here dat Hy mense bymekaar bring en na hulle gebede luister. Bid veral vir byeenkomste wat by skole, gevangenisse, hospitale en tehuise vir bejaardes gehou sal word. (*Women's World Day of Prayer* (Sandra Pillay), Posbus 2002,

Kempton Park, 2002. Tel.: 011 975 4598, faks: 011 975 2537. Webruimte: www.wwdp.co.za of e-pos: wwdp@telkomsa.net).

Saterdag 7 Maart 2009

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed vir Mans 2009*

Ook mans kom vandag op verskillende plekke en tye in Suid-Afrika bymekaar om te bid dat die wêreld Jesus se lig sal ervaar. Die tema is: *God se emigrasieplan*. Bid asseblief dat God die mans wat vandag vir gebed bymekaarkom, se harte en gedagtes sal aanraak. Bid dat hulle hul Godgegewe rolle in hulle gesinne, die besigheidswêreld en as profete vir die nasies sal verstaan en sal opneem. (Ben Ferreira, sel: 082 901 4219, tel.: 011 919 9038 (k), 012 348 4966 (n/u), e-pos: wereldbiddag@absamail.co.za).

Gebedsfokus op vroue en kinders: Irak

Die Irakese huiswerker Um Haidar dra 'n swart serp as teken van rou nadat haar man, wat as assistent by 'n winkel gewerk het, twee jaar gelede doodgeskiet is. Amptelike syfers skat dat een uit elke ses vroue in die ouderdomsgroep 15-49 jaar 'n weduwee is. Die ware stryd is om elke dag kos op die tafel te sit sonder die ondersteuning van 'n man. (Webruimte: http://iafrica.com/news/features/892536.htm). Roep steeds tot God vir die nood van vroue en kinders regoor die wêreld. Vra dat God sal ingryp in miljoene soortgelyke situasies en mense letterlik by Sy Koninkryk sal intrek deur in hulle praktiese behoeftes te voorsien. Bid dat die Kerk in die buurlande op praktiese maniere na weduwees en kinders sal uitreik.

Sondag 8 Maart 2009

Memoriseer

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel en hom nie wend tot duister magte en tot mense wat hulle met skyngode ophou nie (**Ps.40:5**).

Identiteit: Geskep om lief te hê … met 'n bepaalde doel

Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'" (**Matt.22:37-39**).

Kyk rondom jou: Iemand het eenkeer gesê jy is slegs 'n vrywilliger wanneer jy jouself vir vrywillige werk beskikbaar gestel het. Dit beteken dat jy vry is om enigiets te kies wat jy wil, maar as jy dit eers gekies het, het jy geen ander opsie as om dit waarvoor jy jouself vrywillig beskikbaar gestel het, te voltooi nie. Iets hiervan is ook in die Christelike lewe waar. Ons het 'n vrye keuse of ons God wil dien. Tog, as ons eers vir Jesus Christus as Verlosser gekies het, is daar sekere dinge wat ons moet doen om die wedren te voltooi waarvoor ons ingeskryf het. God is vol liefde en genade teenoor alle mense, maar Hy eis onverdeelde trou aan Hom. Hy wil hê dat ons Hom alleen moet liefhê, dat ons aan Hom alleen toegewyd, vir Hom alleen afgesonderd en heilig voor Hom sal leef.

Kyk na binne: Dien jy God op sekere voorwaardes? Hy het jou onvoorwaardelik aangeneem. Hoe voel jy oor die voorwaardes wat jy aan ander en aan God stel? Is hulle werklik nodig of geregverdig? Kan jy God onvoorwaardelik liefhê en vertrou soos wat Hy met jou doen?

Kyk na God: Vader God, vergewe my dat ek voorwaardes stel waarvolgens ek U dien. Ek besef dat U niks gespaar het toe U U Seun gegee het nie. Help my om soos U heelhartig te gee, lief te hê en te dien!

Maandag 9 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat almal in politieke posisies getrou sal voortgaan met hulle verantwoordelikhede en dat hulle nie nalatig sal word nie. Bid dat almal in regeringsposte in al die verskillende departemente getrou hulle verantwoordelikhede t.o.v. die verkiesing sal nakom.

Gebedsfokus op redding: Werkloses
Duisende mense sukkel om werk te kry om vir hulle gesinne te kan sorg. Baie van hulle het uitgebreide families wat van hulle afhanklik is vir 'n inkomste. Bid dat mans en vroue wat broodwinners is, goeie werksgeleenthede sal kry. Vra dat hulle dan getrou werk toe sal gaan en 'n behoorlike dag se werk sal verrig, gelykstaande aan dit waarvoor hulle betaal word. Bid derdens dat hulle wat nie glo nie, by die werk tot bekering in Christus sal kom as gevolg van die getuienis van iemand anders.

Gebedsfokus op redding: Dat die Jode Christus sal ontmoet
Op 10-11 Maart herdenk die Jode die vastyd van Ester met die Purimfees. Volgens die geskiedenis wat in die boek Ester opgeteken is, het God die Israeliete as 'n volk van 'n doodsvonnis verlos. Oorweeg dit om hierdie week die boek Ester te lees. Bid dat al die Jode sal begryp dat Jesus Christus hulle Redder en Verlosser van die ewige dood is. Vra dat Christene in hierdie tyd teenoor die Jode sal getuig van die ewige lewe in Christus. (*Christian Friends of Israel*. E-pos: allwiese@lantic.net, tel.: 012 361 1437, bron: http://www.everythingjewish.com/Purim/Purim_origins.htm).

Dinsdag 10 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Gelowiges God se stem sal hoor oor hoe om te bid en wat om te doen rakende die komende verkiesing. Vra dat Christene opregte berou sal hê oor die verkeerde gesindhede in hulle eie harte en veral selfsugtige gebede of begeertes.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE
Verkondig die waarheid: *Maar die Here sê: "Die swakkes word mishandel en die armes kla. Daarom gryp Ek nou in en gee uitkoms aan dié wat daarna smag"* (**Ps.12:6**).
Kinderprostitusie: Dit is die seksuele uitbuiting van 'n kind in ruil vir vergoeding in kontant of goedere. Tien miljoen kinders is wêreldwyd in die een of ander faset van die seksbedryf betrokke en ten minste een miljoen (meestal meisies) word elke jaar prostitute. In Thailand verskaf 10- tot 12-jarige meisies in die seksbedryf hulle dienste aan mans. In Suid-Afrika is daar 40 000 gevalle van kinderprostitusie. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).
Draai die gety deur gebed: God ons Vader, tree asseblief in en beskerm kinders wat deur prostitusie uitgebuit word. Vuur mense met invloed aan om standpunt in te neem en laat U genade met hulle wees om hierdie situasie te verander. Ons vra dat die persone wat die kinders uitbuit, tot bekering sal kom in Jesus Christus.
WWJD (What would Jesus do?): Vind meer uit oor die voorkoms van kinderprostitusie in jou stad/dorp/gemeenskap. Gee hierdie inligting deur aan jou gemeente, werkplek of invloedsfeer. Vra dat God vir jou Skrifgedeeltes sal wys oor hoe om te bid en uit te roep oor die verskillende aspekte rakende kinderprostitusie en moedig mense aan om hulle posisie in gebed in te neem oor hierdie kwessies.

Woensdag 11 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Gelowiges volhardend die beloftes in die Bybel as die wil van die Vader sal pleit rakende die verkiesing en ons land. Vra dat mense met vertroue en sonder veroordeling sal bid en dat hulle nie deur vrees gemotiveer sal word nie.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE
Verkondig die waarheid: *Dan het die ander vrou haar baie gespot en verneder omdat die Here haar kinderloos laat bly het* (**1 Sam.1-2:11**).
Onvrugbaarheid: Ongeveer 50 tot 80 miljoen vroue wêreldwyd ly aan onvrugbaarheid en kan dus nie swanger word nie. Vroue in onder-ontwikkelde lande kry gewoonlik die skuld as hulle nie kinders kan hê nie, wat kan lei tot mans wat 'n tweede vrou neem, gesinsgeweld, egskeiding en 'n gebrek aan lewensmiddele. Die oorsake van onvrugbaarheid is grotendeels voorkombaar, soos bv. seksueel oordraagbare siektes, swak higiëne en infeksies wat o.a. as gevolg van aborsies plaasvind. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).

Draai die gety deur gebed: God ons Vader, vertroos asseblief die harte van miljoene onvrugbare vroue met die reddende kennis van Jesus Christus. Beantwoord die gebede van miljoene wat tot U roep en maak 'n nuwe geslag kinders "wat deur God gegee is" groot vir U doel.
WWJD (What would Jesus do?): Doen spesiaal moeite om te bid vir egpare wat nie kinders kan hê nie. Vra dat God hulle sal aanraak en hulle sal seën. Bemoedig diegene wat sukkel om swanger te raak.

Donderdag 12 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat mense God ook waarlik sal aanbid en Hom in hulle gebede sal dank vir dit wat Hy tot dusver gedoen het. Vra dat God Sy Gees van gebed en smeking oor alle Gelowiges sal uitstort sodat hulle hulle geestelike posisie as wagters oor ons land sal inneem.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE
Verkondig die waarheid: *Julle moet heilig lewe, want Ek die Here is heilig. Ek het julle afgesonder uit die volke om aan My te behoort* (**Lev.20:26**).
Pornografie: Die pornografiebedryf is 'n $57 miljard wêreldwye besigheid. Kinderpornografie alleen genereer $3 miljard jaarliks en elke jaar besoek 75 miljoen mense wêreldwyd pornografiese webruimtes. 'n Verstommende 47% Christenmans sê pornografie is vir hulle 'n groot probleem. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).
Draai die gety deur gebed: God ons Vader, U is heilig! Vergewe ons ons onwilligheid om U te vra vir verlossing van pornografie in die Kerk! Sal U asseblief ingryp en U kinders bevry uit die vyand se hande. Bevry asseblief die kinders en laat hierdie webruimtes en netwerke aan die kaak gestel en toegemaak word.
WWJD (What would Jesus do?): Wees eerlik voor God oor enige vorm van die aantrekkingskrag van pornografie in jou eie lewe. Bid vir die leiers in jou gemeente en gemeenskap, dat God hulle sal help om vry te wees van versoeking en verslawing aan verskillende soorte pornografie.

Vrydag 13 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die land se jeug Godgegewe insig en onderskeidingsvermoë sal hê wanneer hulle na die politieke leiers luister. Vra dat Gelowiges van alle rasse hande sal vat en sal begin om gereeld saam te vas en te bid.

Gemeenskapsopheffing: *Valcare Trust*
Valcare Trust is 'n Christelike nie-winsgewende organisasie met die oogmerk om armoede in die Paarlvallei te verminder. Hulle funksie is om as inligtings- en netwerkorganisasie op te tree, wat hulle dienste aan kerke, projekte of organisasies, besighede en ander diensverskaffers lewer. Dank God vir diegene wat gewillig is om deur middel van projekte uit te reik om die fisiese omstandighede van die mense in hierdie gebied te verbeter. Vra dat meer mense by hierdie projek betrokke sal raak en dat dit vrug sal dra. (*Valcare Trust*, Louiestraat 2, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webruimte: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

Saterdag 14 Maart 2009
Gebedsfokus op tieners en kinders
Die Suid-Afrikaanse jeug ervaar dubbeld soveel geweld as SA volwassenes. Kinders en jong mense in Suid-Afrika is kwesbaar as gevolg van die gewelddadige gemeenskappe waarin hulle woon. Hulle is dikwels slagoffers van geweld, maar leef ook met geweld, wat beteken dat hulle geweld beskou as 'n manier om probleme op te los. (*HEARTLINES*, tel.: 011 771 2540. Webruimte: http://www.heartlines.org.za of e-pos: info@heartlines.org.za). Dank God vir baie inisiatiewe wat reeds aan die gang is en wat 'n verskil maak. Vra die Here hoe jy of jou gemeente by soortgelyke aktiwiteite betrokke kan raak.

Jeugfokus: Kambodja
Jeugmisdaad is 'n groot probleem in Kambodja vandag. Dit kom algemeen voor dat ouers hulle rebelse kinders deur middel van openbare aankondigings van die gesin afsny. Bid vir 'n kragtige uitreik na die jeug. Pastore regdeur Kambodja werk aan die bou van 'n sterk gebedsmag. Bid dat baie mense geroep sal word om

te bid en op God te vertrou om die situasie in die land te verander. (*Ethnos Ministries*, #4-2604 Enterprise Way, Kelowna BC V1X 7Y5 CANADA. Webruimte: http://www.ethnosministries.org/prayerfocus/FebPF.pdf of e-pos: info@ethnosministries.org).

Getuienis: Myanmar weeskinders reik uit

'n Aantal Christenweeshuise is gedurende die afgelope jare in Myanmar geopen. In 2004 het een weeshuis met 30 kinders daarin geslaag om 'n stewige tweeverdiepinggebou op te rig in die plek van hulle vervalle krot. Voordat die sikloon Myanmar in Mei getref het, het die dorpsgemeenskap teen die kinders gediskrimineer omdat hulle Christene in 'n Boeddhistiese gemeenskap is. Toe die sikloon toeslaan is die dorp en omliggende gebiede erg beskadig, maar die weeshuisgebou het bly staan terwyl ander huise rondom dit ineengetuimel het. Die weeskinders het gesien wat gebeur het en hulle deure oopgegooi en die bure ingenooi. Hulle het selfs hulle rys met die res van die dorpie gedeel wat nie kos kon bekom nie. Hulle kon ook met hulle kragopwekker drinkwater pomp en suiwer vir 1 000 mense in die dorpie. Hulle optrede was 'n getuienis teenoor hulle nie-Christen bure. (*Global Prayer Update* - September 2008. *Operasie Mobilisasie*. Webruimte: http://www.omusa.org).

Sondag 15 Maart 2009

Memoriseer

Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade (**Rom.6:14**).

Identiteit: Geskep om … lief te hê

Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'" (**Matt.22:37-39**).

Kyk rondom jou: Wat beteken dit werklik om iemand lief te hê? Daar is al baie antwoorde op hierdie vraag gegee, maar om 'n persoon wat verlief is of deernis het vir iets, dop te hou, werp 'n bietjie lig op hierdie onderwerp! Die dinge wat verliefdes doen, hulle maniertjies en optrede is anders as voorheen. Die tyd en moeite wat hulle aan daardie spesiale iemand of iets bestee, neem toe. Hulle dade, meer as hulle woorde, weerklink letterlik met die passie wat in hulle harte is. Dit kan 'n paartjie wees wat verlief is, 'n ma en kind, iemand wat tot 'n langverwagte posisie bevorder is. Die hartstog en toewyding wat hierdie mense uitleef, noem ons passie. Selfs as 'n moeder moeg is, sal sy in die nag opstaan en haar baba gaan voed, want sy het die kind lief. Hoe wys jou lewe jou liefde vir God? Hoe reageer jy wanneer iemand Sy Naam ydellik gebruik? Bly jy maar sit wanneer 'n uiters gewelddadige film vertoon word of een wat eksplisiete sekstonele bevat? Hier word nie gevra dat jy 'n skynheilige, hoogmoedige lewe moet lei en jou eenkant moet hou nie. Maar die Skrif vra ons om standpunt in te neem vir dit wat reg is op 'n manier wat ander sal aanspoor om ons te volg. Dit is die manier waarop koue harte weer aan die brand gesteek sal word vir God.

Kyk na binne: Beïnvloed my dade die manier waarop mense na God kyk? Wys ek die passie wat ek vir God het op eenvoudige maniere in die alledaagse lewe?

Kyk na God: Vader God, vergewe my dat ek op soveel terreine van my lewe kompromieë aangaan. Dankie dat U my gewete aanraak om meer maniere te soek om my liefde vir U te wys op 'n manier wat ander se harte ook na U toe sal laat draai.

Maandag 16 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Christene nie sal kritiseer nie, maar hulle Godgegewe verantwoordelikheid sal opneem om te bid dat God se wil en bedoeling vir die komende verkiesing sal geskied. Bid dat God die oë van veral die armes en behoeftiges sal oopmaak om die ware realiteit van die huidige situasie in die land te besef en nie die prooi van manipulasie te word nie.

Gebedsfokus op redding: Huishoudings waar kinders aan die hoof staan
Kinders selfs so jonk as nege jaar staan noodgedwonge aan die hoof van baie gesinne in arm en behoeftige gebiede. Die grootste rede hiervoor is ouers wat gesterf het aan MIV/VIGS of verwante siektes. Die verantwoordelikheid om kos en skuiling te kry vir die kinders wat jonger as hulle is, is 'n onbegryplike groot verantwoordelikheid vir so 'n jong kind. Bid dat hierdie kinders geleenthede sal kry om die evangelie te hoor en aan te neem. Vra die plaaslike en aangrensende gemeentes om voedingsprogramme te begin om in die basiese behoeftes van hierdie kinders te voorsien.

Dinsdag 17 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat mense oor rasse-, taal- en kerkgroepe bymekaar sal kom om te bid vir God se barmhartigheid en genade oor ons land. Bid dat oud en jonk saam sal kom en begin bid en vas vir beide geestelike en praktiese deurbrake in ons land.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE
Verkondig die waarheid: *Hagar het toe die Naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: "U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het"* (**Gen.16:13**).
Slagoffers van bloedskande: Dit beteken geslagsgemeenskap of ander seksuele aktiwiteite tussen mense wat so na aan mekaar verwant is dat 'n huwelik tussen hulle wettig of kultureel verbied word. Ongeveer 90-95% van alle sake wat seksuele misbruik behels, word nie by die polisie aangemeld nie. Ongeveer 94% van kinderverkragtingslagoffers onder die ouderdom van 12 is deur 'n familielid of kennis misbruik. In Oos-Afrika word 9 uit 10 meisies misbruik deur mense wat hulle die meeste vertrou. Een derde van misbruikte en verwaarloosde kinders sal later hulle eie kinders misbruik. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).
Draai die gety deur gebed: God ons Vader wat al hierdie dinge sien, bring asseblief geregtigheid vir die slagoffers van bloedskande. Ons bid vir die beskerming en gesondheid van kinders wat onder hierdie bedreiging leef en dat hierdie verborge sonde aan die lig gebring en uitgeskakel sal word.
WWJD (What would Jesus do?): Vind uit of daar 'n kinderskuiling in jou omgewing is en oorweeg dit om op 'n gereelde basis vir 'n dag lank vrywillige werk daar te verrig. Maak tyd om te luister na die storie van 'n slagoffer, bid vir hom/haar en gee opreg om.

Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Bid vandag asseblief vir al die vrywilligers wat by die onderskeie kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* regoor die land werk. Bid vir hulle veiligheid en gesondheid en dat hulle krag van Hom sal ontvang. Vra ook dat God in hulle praktiese en fisiese behoeftes sal voorsien. Bid asseblief vandag vir elke gebedsprojek wat daarop gemik is dat die Kerk sy posisie in gebed vir die verkiesing moet inneem. Vra dat God finansieel sal voorsien en vir guns by Gelowiges regoor ons land om ander te mobiliseer om die Here aan te roep in gebed vir ons volk en land. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: http://www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Woensdag 18 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir almal in administratiewe posisies of wat by verantwoordelikhede rakende die verkiesing betrokke is. Bid dat God die *Onafhanklike Verkiesingskommissie* sal lei in hulle besluitneming vir die komende verkiesing.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE
Verkondig die waarheid: *My hele wese sê: "Here, wie is soos U wat die swakke bevry van dié wat sterker is, die swakke en die arme van dié wat hom beroof?"* (**Ps.35:10**).
Uitbuiting van vrouearbeid: Dit is wanneer vroue te lank, te hard en te veel werk, en veral harde handearbeid verrig. Van die 550 miljoen werkende armes in die wêreld is 'n geskatte 330 miljoen (60%) vroue. 'n Vrou in die landelike gebiede in Afrika werk gewoonlik 16 uur per dag en moet oor lang afstande voortsukkel om vuurmaakhout, water, kos ens. bymekaar te maak. Wêreldwyd maak vroue meer as 60% uit van mense

wat sonder vergoeding in familie-ondernemings werk. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).
Draai die gety deur gebed: God ons Vader, red die armes van mense wat onbillike arbeid van hulle verwag. Wek asseblief vrees vir U Naam in die harte en gedagtes van besigheidseienaars, binne gesinstrukture en in regerings. Openbaar Uself aan hierdie vroue as hulle liefdevolle Hemelse Vader te midde van hulle moeilike omstandighede.
WWJD (What would Jesus do?): Dink na oor die Bybelse begrip van werk en gepaste rus. Vra die Here om jou te help om dit ook in jou eie lewe toe te pas en moedig ander aan om dieselfde te doen. Hou aan bid vir hulle wat in swak omstandighede hulle inkomste of kos met die uiterste moeite moet verdien.

Donderdag 19 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die boosheid van mense met kwade bedoelings aan die kaak gestel sal word. Bid dat die planne van die vyand om die land te vernietig, gestuit sal word. Bid dat hulle wat bose bedoelings het, radikaal tot bekering in Jesus Christus sal kom.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE
Verkondig die waarheid: *Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in Sy liefde. Hy jubel en juig oor jou* (**Sef.3:17**).
Eetversteurings: Dit is 'n kompulsie waar 'n persoon se eetgewoontes hulle gesondheid aantas. Hulle kan oordadig eet of te min, of in siklusse gaan van oormatige eet en braking. Tot 70 miljoen mense wêreldwyd sukkel met eetversteurings, van wie 90-95% vroue is. Eetversteurings is al by meisies so jonk as 7 jaar gediagnoseer. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).
Draai die gety deur gebed: God ons Vader, openbaar asseblief U waarheid in die harte en gedagtes van elke persoon wat met 'n eetversteuring worstel. Wys vir hulle die doel en skoonheid van Christus as 'n skat in hulle harte en help hulle om hulleself te omhels as U geliefde bruid. Wakker die Kerk aan om hierdie kwessie aan te pak en om die vryheid van Christus as Verlosser van alle swaarkry en vrees te verkondig.
WWJD (What would Jesus do?): Vra dat God vir jou moet wys hoe om uit te reik na iemand wat met 'n eetversteuring worstel. Bid gereeld vir hulle en moedig hulle met sensitiwiteit aan (nie beskuldig/hulle skuldig laat voel nie) om vryheid in Christus aan te gryp totdat hulle 'n deurbraak kry. God kan in 'n oomblik 'n wonderwerk doen, maar dit mag ook 'n paar maande en selfs jare neem om nuwe gewoontes te kweek.

ARTIKEL: *Nasionale Dag van Gebed* vir die Verkiesing: 20 Maart 2009

Daar is geen twyfel dat die 2009 nasionale verkiesing uiters belangrik is nie. As die Kerk het ons die verantwoordelikheid om te bid. Die mag om die verloop van wêreldgebeure te verander, is in God se hand. Hy sit konings af en stel ander aan (**Dan.2:21**). Die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* van die Bybel sê: "Hy verander tye en omstandighede." Hy gee wysheid aan die wyse manne en verstand aan die wat insig het. Gesag kom van God af en owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God (**Rom.13:1**). Ons verantwoordelikheid is om vir die Here 'n regering te vra wat deur Hom aangestel is, wat regverdig en verantwoordelik kan regeer. Ons moet bid vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei (**1 Tim.2:1-3**). As Kerk moet ons nie kla nie, maar die Here vra om in te gryp ook in die politieke sake van ons land.

Ons wil Christene oor die hele land aanmoedig om tot God uit te roep, om ons krag in Hom te soek (**Jes.64:7**). *National Initiative for Reformation in South Africa* (*NIRSA*) het gevra vir 'n dag van gebed op die 20ste Maart. Oorweeg dit om 3 dae te vas (18-20 Maart) en moedig gemeentes in jou omgewing aan om saam te vas en te bid vir ons land. Ons het nie die opdrag gekry om te kritiseer, te verdoem en te veroordeel nie. Ons taak is om te bid en seker te maak dat ons op 'n verantwoordelike manier stem.

Vir meer gebedsaanwysings om in jou gebedsgroepe of gebedskamer te gebruik, besoek ons webruimte: www.jwipn.com of stuur 'n e-pos aan: info@jwipn.com

Vrydag 20 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat jongmense tot God sal roep vir Sy verlossing en dat Sy krag in hierdie tyd in ons land sal deurbreek. Vra dat Christenjongmense 'n voorbeeld van godvresende lewens aan hulle portuurgroep sal stel wat ander in die Koninkryk van God sal inbring.

Gebedsfokus: *Nasionale Dag van Gebed*

Vandag is die *Nasionale Dag van Gebed* vir die komende verkiesing in ons land. Christene regoor die land sal vandag bymekaarkom om te bid dat God ons sal onthou en ons nasie sal herstel sodat ons vrede, 'n toekoms en hoop sal hê, dat ons Hom sal aanroep en sal bid totdat Hy na ons luister; dat ons Hom en Sy wil sal soek totdat ons Hom vind (**Jer.29:11-14**).

Bid vandag:

- Dat God vir ons 'n regering sal gee wat Hom sal eer.
- Dat God vir ons 'n regering sal gee wat na die welstand van ons nasie sal omsien.
- Dat God die nuwe regering in staat sal stel om die huidige probleme aan te pak en 'n duidelike standpunt in te neem vir Goddelike beginsels.
- Dat God ons sal beskerm teen bloedvergieting en geweld.
- Dat eerbied vir die ware en lewende God sal kom in die harte van alle mense.

Saterdag 21 Maart 2009

Gebedsfokus op Rentmeesterskap: Wêreldwaterdag

Die VN het 22 Maart (môre) as Wêreldwaterdag aangewys. Die doel is 'n bewusmaking van die wêreldwye waterkrisis en hulle oogmerk is om die persentasie mense wat 'n gebrek het aan veilige (skoon) drinkwater en basiese sanitasie met die helfte te verminder. Kundiges voorspel dat 2,1 miljard mense teen 2015 steeds nie oor basiese sanitasie sal beskik nie. (Webruimtes: http://www.worldwaterday.org/; http://www.v2v.net/actions/world-water-day-2009; of http://waterbringslife.wordpress.com/2008/03/31/world-water-day-2009-idea/). Bid vir 'n toename in wêreldwye belegging in die bewaring van waterbronne vir die toekoms.

Gebedsfokus op armoede: Vroue

Ten minste een miljard vroue en kinders in ontwikkelende lande leef in die uiterste armoede en die toestand gaan binne die volgende halfeeu waarskynlik versleg indien die huidige tendense nie verlig word nie. (Webruimte: http://tahirih.org/tahirih/howtohelp/assets/Statistics%20on%20Women%20Worldwide.doc). Bid dat die Here binnekort hierdie toestande sal omkeer. Vra dat regerings wysheid sal kry om praktiese maatreëls te implementeer wat hierdie situasie sal verbeter. Laat ons, bo alles voortdurend tot die Here roep vir die redding van groot getalle mense, dat Sy geestelike en fisiese heelmaking ook armoede onder alle nasies sal laat verminder.

Sondag 22 Maart 2009

Memoriseer
Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou (**Heb.10:23**).

Identiteit: Geskep om die Here lief te hê …

Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'" (**Matt.22:37-39**).

Kyk rondom jou: In vandag se Westerse kultuur is ons nie eintlik meer daaraan gewoond om konings en koninginne te hê nie. Hierdie generasie is gevolglik nie vertroud met die outydse tradisie om eer aan 'n belangrike persoon te betoon nie. Dit is nogtans 'n ernstige saak om 'n koning of koningin te hê. Alles kom tot stilstand wanneer hierdie persoon die dorp sou besoek. Almal wil die koning of koningin sien. Hulle sal weke na die besoek steeds daaroor praat. Tog sien ons min eerbied in die harte van Gelowiges wanneer daar

Sondae kerk toe gegaan word vir 'n ontmoeting met ons Here Jesus Christus. Baie mense kom laat. Ander het verskonings waarom hulle by die huis bly. Hulle blameer die aanbiddingsgroep of die prediker wat nie daardie "iets" vir hulle gee waarna hulle soek nie. Die vraag is egter: Gaan ons met die verwagting om 'n ontmoeting met ons hemelse Vader en Bruidegom te hê deur die kragtige werking van die Heilige Gees? Jy sien, die individu kan steeds 'n ontmoeting met God hê, want God ontmoet altyd 'n persoon wat honger en dors na Hom.

Kyk na binne: Wat is jou houding en optrede met betrekking tot kerkbywoning en die bywoning van ander Christelike byeenkomste? Glo jy dat God met jóú 'n ontmoeting kan hê, ten spyte van – na jou mening – 'n swak preek of 'n slegte ervaring van die diens? Het jy eerbied vir God as jou Here? 'n Praktiese wenk vir wanneer jy byeenkomste bywoon is om 'n notaboek en pen byderhand te hou en dit wat God vir jou sê, neer te skryf. Vra die Heilige Gees om met jou te praat terwyl jy na die diens of praatjie luister. Op hierdie manier sal jy *altyd* iets van groot waarde vir jouself ontdek.

Kyk na God: Vader God, vergewe my asseblief my vooroordeel en onkunde oor wie U is. Verander my hart; plaas weer 'n opregte gees in my. Ek wil U as my Here vereer bo alle dinge.

Maandag 23 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Christene by die werk met gebedsgroepe sal begin wat gereeld vir die verkiesing en die land sal bid. Vra dat werknemers en werkgewers by dieselfde byeenkomste voor God bymekaar sal kom en tot Hom sal roep dat Sy wil in hierdie tyd, en ook na die verkiesing, sal geskied.

Gebedsfokus op redding: Personeelbestuurders

Hierdie mense het 'n geweldige invloed as gevolg van hulle posisie. Bid dat hulle billik sal wees teenoor diegene wat onder hulle toesig is. Bid dat hulle genade sal ontvang om moeilike situasies te hanteer en om dissipline in godvresendheid toe te pas. Bid vir die redding van diegene in personeelbestuur in die organisasies van ons land.

Gebedsfokus op gesondheid – TB-forum in Brasilië

Die derde Partners' Forum sal op 23-25 Maart 2009 in Rio de Janeiro, Brasilië, plaasvind. Die forum dien as 'n voertuig om vennote byeen te bring vir die hernuwing van hulle toewyding en om hulle pogings te verskerp vir die bereiking van hulle doelwitte wat in die *Global Plan to Stop TB 2006-2015* uiteengesit is. (Webruimte: http://www.stoptb.org/events/partners_forum/). Bid asseblief vir hierdie vergadering, dat Christen-afgevaardigdes die geleentheid en guns sal kry om godvresende beginsels as oplossings vir sommige van die probleme voor te stel.

Dinsdag 24 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die Kerk die verantwoordelikheid sal aanvaar om Gelowiges te mobiliseer en op te roep om vir die land en die komende verkiesing te bid, nie net nou nie, maar op 'n gereelde basis. Vra dat leraars en ander Christenleiers hande sal vat oor kerklike en bedieningsgrense heen om gereeld vir die verkiesing en die land te bid.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE

Verkondig die waarheid: *U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder* (**Ps.139:13**).

Aborsie: Dit is die mediese beëindiging van 'n swangerskap op enige stadium voor die geboorte van die baba. Daar vind ongeveer 46 miljoen aborsies elke jaar plaas, 126 000 aborsies per dag, 87 per minuut, byna 2 elke 3 sekondes teen 'n gemiddeld van 1 aborsie per vrou wêreldwyd. In sommige ontwikkelende lande word aborsie as 'n primêre geboortebeperkingsmetode aanvaar. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).

Keer die gety in gebed: God ons Vader, ons eer U as die Een wat ons binne-in ons moeders vorm. Laat asseblief U hart se wens vir ongebore babas in die hart van elke vrou wat 'n aborsie oorweeg, wakker word. Openbaar U ewigdurende liefde aan hulle as hulle Hemelse Vader en Jesus Christus as hulle Verlosser.
WWJD (What would Jesus do?): Probeer vasstel hoeveel aborsies in hospitale en klinieke in jou gemeenskap plaasvind. Moedig mense aan om bymekaar te kom in gebed en berou voor God oor hierdie en ander kwessies. Vra dat Hy die gety van aborsie in jou gemeenskap sal omkeer. Moet nooit ophou bid dat die wet wat aborsies in ons land toelaat, herroep sal word nie.

Woensdag 25 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die leiers van politieke partye wysheid sal hê wanneer hulle praat en uitsprake in die media maak of wanneer hulle saamtrekke in woongebiede en landelike gebiede hou. Vra dat hulle eerbied vir God sal hê wanneer hulle beloftes aan 'n niksvermoedende skare maak, veral in arm gebiede.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE
Verkondig die waarheid: *God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep* (**Gen.1:27**).
China: China is die wêreld se digsbevolkte land met meer as 1,3 miljard mense. Die eeu-oue voorkeur vir seuns, gekombineer met die een-kind beleid wat sedert 1980 toegepas word, het die grootste en die langste geslagswanbalans in die wêreld veroorsaak. Daar is tans 120 seuns vir elke 100 meisies. Daar word voorspel dat daar in die volgende dekade ongeveer 40 miljoen Chinese mans gaan wees wat nie vrouens sal kan kry nie, as gevolg van die "skaarste" aan vrouens, wat toe te skryf is aan ontvoering, mensehandel en selektiewe aborsies. Vroue wat tot 9 maande swanger is met 'n tweede of derde baba, mag deur amptenare hospitaal toe geneem word vir 'n gedwonge aborsie. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).
Keer die gety in gebed: God ons Vader, openbaar asseblief U hart aan mans en vroue van die Chinese volk, dat daar met hernude respek waarde aan mense se lewens geheg sal word. Ons roep tot U dat die aborsies beëindig sal word en dat hierdie wet verslap sal word. Beskerm asseblief ook jong meisies wat ontvoer word vir mensehandel, ens.
WWJD (What would Jesus do?): Vind uit hoe om Christelike aannemingsagentskappe in China te ondersteun. Vra dat God jou wysheid sal gee oor hoe jy of jou gemeente by hierdie situasie oorsee betrokke kan raak.

Donderdag 26 Maart 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die lede van die *Verkiesingskomitee* verstandig en effektief in hulle werk sal wees. Bid vir die aanstelling van vrywilligers wat op stemdag sal help – dat eerlike, godvresende mans en vroue in hierdie posisies aangestel sal word.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE
Verkondig die waarheid: *Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou* (**Eks.34:6**).
Vlugtelinge: 'n Vlugteling is 'n persoon wat noodgedwonge van sy/haar huis af vlug om verdrukking of vervolging vry te spring. Daar is ongeveer 10,6 miljoen vlugtelinge en 25,8 miljoen binnelands-ontwortelde mense (IDP) wêreldwyd. Ongeveer 75-80% van die wêreld se vlugtelinge is vroue en kinders, wat veral kwesbaar is vir geweld en uitbuiting deur militêre en immigrasiepersoneel. Asië en Afrika huisves die meerderheid van die wêreld se vlugtelinge en 18,1 miljoen IDP's. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).
Keer die gety in gebed: Barmhartige God en Vader, vertroos asseblief ontwortelde mense, genees hulle emosies en gee aan hulle 'n nuwe tuiste waar hulle kan woon en veilig sal wees. Wakker die Kerk oral aan om na immigrante en vlugtelinge uit te reik en hulle harte oop te maak (**Lev.19:34**). Bid asseblief vir die Kerk vir onderskeiding oor wie gehelp moet word en wie hulle hulp wil uitbuit en hoe om sulke moeilike situasies te hanteer.

WWJD (What would Jesus do?): Kyk of jou selgroep/vriendekring betrokke kan raak by bestaande pogings om na immigrante en vlugtelinge in jou omgewing uit te reik. Doen spesiaal moeite om vir hulle daar op straat/waar hulle bly, te bid.

Vrydag 27 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die polisie en almal wat reg en orde moet handhaaf, guns van God sal ontvang sodat hulle effektief in hulle werk sal wees. Vra dat Gelowiges wat hierdie posisies beklee, met vertroue in hulle Godgegewe geestelike gesag sal optree wanneer hulle voor moeilike situasies te staan kom.

Gebedsfokus op die Woord: *Precept Ministries SA*

Bid asseblief vir hulle terwyl hulle die *Precept* studies in Afrikaans en ander Afrikatale vertaal om hul missie om almal, oral, enige tyd, enige plek, **enige taal** en enige ouderdom, te bereik. Hulle spanne werk aan hierdie projekte. Bid dat God die pad vir hulle sal gereed maak sodat Sy ontsagwekkende Woord selfs nog meer mense kan bereik. *Precept Ministries* is 'n bediening wat deur God opgerig is om mense deur die studie van Sy Woord toe te rus. (*Precept Ministries S.A.*, Tel./faks: 021 531 1836. Posbus 539, Howard Place, 7450. Webruimte: www.precept.org.za of e-pos: info@precept.org.za).

Saterdag 28 Maart 2009

Gebedsfokus op die ekonomie: Huishoudelike transformasie

Die aantal huishoudings in Suid-Afrika het sedert 1994 as gevolg van bevolkingsgroei met ongeveer vier miljoen toegeneem. Ten spyte van hierdie druk is 2,5 miljoen gesubsidieerde huise voltooi of is in die proses van voltooiing, wat verblyf verskaf aan ongeveer 8,8 miljoen mense. Minstens 73% van alle huishoudings het toegang tot sanitasie, in vergelyking met 50% in 1994, 72% van alle huishoudings het toegang tot elektrisiteit, in vergelyking met 51% in 1994. (Webruimte: http://www.anc.org.za). Dank God vir hierdie syfers. Hou aan bid vir groter effektiwiteit in hierdie verband en dat diegene wat betrokke is, opreg en met alle integriteit sal optree.

Gebedsfokus op vroue: Misbruik en verwaarlosing

Volgens *The United Nations Children's Fund (UNICEF)* is een vyfde tot ongeveer die helfte van die vroulike bevolking in 'n gegewe land deur 'n familielid of intieme maat misbruik of as kind ernstig verwaarloos. (Webruimte: http://tahirih.org/tahirih/howtohelp/assets/Statistics%20on%20Women%20Worldwide.doc). Hou aan bid dat die gety van die misbruik van vroue en kinders gestuit sal word. Vra dat elke slagoffer die geleentheid sal kry om Christus as persoonlike Saligmaker aan te neem en heling en herstel in Sy Naam te vind. Bid vir diegene wat hulle misbruik, dat hulle die wreedheid en boosheid van hulle verkeerde gedrag sal besef en werklik bereid sal wees om van hulle weë af te sien.

ARTIKEL: ARMOEDE

Armoede is 'n toenemende probleem. Die probleem is reeds vir duisende jare saam met die mensdom en sal tot die einde van die tyd daar wees. Die Here het vir ons die armes en noodlydendes in die Kerk gegee om te versorg. God verwag van regerings om regverdig te regeer en na die armes om te sien. Maar dit is nie in die eerste plek die staat se verantwoordelikheid om na die armes om te sien nie. Wanneer ons bv. die boek Spreuke lees, is dit duidelik hoe God oor die armes dink en wat Sy opdrag aan Gelowiges en ongelowiges is. Die versorging van die armes is eerstens die verantwoordelikheid van die Kerk.

Armoede het 'n geweldige degraderende uitwerking op mense se lewens. Dit lei dikwels tot totale minderwaardigheid, 'n bedel-mentaliteit, mense verloor totaal moed a.g.v. herhaalde mislukte pogings om op te staan, werk te soek en 'n eerlike bestaan te maak. Vir die meeste armes gaan dit oor oorlewing. Min ander dinge maak saak. Ja, daar is baie sonde onder armes, maar daar is nie minder sonde onder mense wat nie arm is nie.

Dit help nie om hier al die statistiek aan te haal oor die hoeveelheid arm mense en die omstandighede waarin hulle lewe. Ons sien dit elke dag. Die punt is dat ons doodgewoon iets daaraan moet doen. Die mees

effektiewe ding om te doen is om te bid, maar gebed moet met liefde en dade gevolg word. Hieronder volg 'n aantal riglyne wat jou sal help om vir armes te bid.

- Wanneer ons vir die armes bid, moet ons eerstens verstaan dat dit nie noodwendig so is dat hulle dade hul armoede bewerk het omdat hulle sonde gedoen het of dat hulle te sleg is om te werk nie of dat hulle dom is nie. Die feit dat iemand in 'n plakkerskamp gebore word, is nie omdat so 'n persoon byvoorbaat sleg of boos is of dat hy dit verdien of dom en lui is nie. Net God weet en verstaan alles, moet dus nie aannames maak en veroordeel nie.
- Lees **Jesaja 58** en bid deur die hoofstuk. Fokus op dit wat met armoede te doen het en gebruik dit as basis vir jou gebed. Moenie veroordelend bid nie, moenie mense aankla nie. Bid dat God genadig sal wees en uitkoms sal gee.
- Wanneer jy vir die armes bid, bid met 'n gebroke hart en met empatie. Maak seker dat daar nie hoogmoed, meerderwaardigheid of veroordeling by jou is nie. Deel met en gun die armes dieselfde genade as die genade wat God aan jou bewys het. Wanneer ons vir armes wil bid, is die belangrikste deel daarvan die gesindheid van ons harte.
- Bid vir sisteme en wetgewing wat maak dat arm mense uitgebuit en misbruik word. Bid vir regerings om wette te maak sodat armes gehelp kan word.
- Miljoene rande word in lande (deur regerings en buitelandse skenkings) beskikbaar gemaak vir die versorging van armes. Wêreldwye statistiek toon dat ongeveer 2% van die geld wat beskikbaar gemaak word vir die opheffing van armes, wel by hulle uitkom. In sommige gevalle is dit 'n bietjie meer, maar normaalweg kom 'n onbeduidende hoeveelheid van die geld by die mense uit wat in nood is. Bid dat bedrog aan die lig sal kom en dat die geld by die armes sal uitkom.
- Bid vir die Kerk om meer te doen as wat tans gedoen word. In die meeste gemeentes is daar projekte waar daar na armes omgesien word. Die probleem is egter dat dit in die meeste gevalle deur enkele individue in 'n gemeente gedoen word en dat die kerkrade/bestuursrade nie beduidende hoeveelhede geld daarvoor beskikbaar stel nie. Die oorgrote meerderheid van lidmate is onbetrokke. Bid dat God die Vader, deur die werking van die Heilige Gees meer kerkrade/bestuursrade en meer lidmate in gemeentes se harte sal aanraak om aktief by die nood van mense betrokke te raak.
- Wanneer ons regtig met ons harte vir die nood van die armes bid, is dit onmoontlik om nie prakties by die nood van hierdie mense betrokke te raak nie. Elkeen van ons kan 'n ekstra paar rand per maand gee, elkeen van ons het 'n uur of twee of meer wat ons weekliks kan gee om mense wat in nood en armoede is, te help. As daar nie 'n bestaande projek is nie, begin een. Bid en vra die Here se leiding. Dit is hoe al die ander projekte ontstaan het. Die Skrif is baie duidelik daaroor dat God die Vader 'n hart vir die armes en noodlydendes het, daarom sal Hy jou help wanneer jy in geloof uitstap en iets begin doen. Al begin jy ook net om een of twee mense te help en dit mettertyd uit te brei, is dit goed.

Sondag 29 Maart 2009

Memoriseer

Van ver af het die Here Hom aan Israel bekend gemaak: Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra (**Jer.31:3**).

Identiteit: Geskep om jou God lief te hê …

Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'" (**Matt.22:37-39**).

Kyk rondom jou: Jy kan God op 'n afstand ken as die Skepper van hemel en aarde, of as JOU GOD. Daar is so baie televisieprogramme, boeke en oudiolesings oor Christenskap dat baie mense God ken deur die lering van ander. Minder mense ken vir God uit persoonlike ervaring en deur die Woord van God self te lees en te bestudeer. Wanneer hierdie mense probleme ervaar, begin hulle gou twyfel of God vir hulle sal doen wat Hy vir ander gedoen het. As dit gebeur, en so 'n persoon begin roep na God, begin 'n tyd vir hom/haar wanneer

God, deur die Heilige Gees, begin om hulle te leer hoe om God as 'MY GOD' te ken. God word nou 'n werklikheid in hulle lewe.

Kyk na binne: Ervaar jy God as "werklik"? Glo jy wat jy glo omdat jy 'n persoonlike ervaring gehad het oor wie Hy is? Hy wil Homself aan jou persoonlik openbaar.

Kyk na God: Vader, ek het van tyd tot tyd U liefde baie persoonlik ervaar. Maar daar is 'n honger en 'n dors in my hart om U op 'n selfs meer persoonlike manier te ken. Help my om U liefde vir my te verstaan. Wys my U aangesig as 'n Vader wat omgee.

Maandag 30 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat jongmense verstandig sal wees wanneer hulle moet besluit vir wie om te stem en dat mense van alle rasse aan die verkiesing sal deelneem. Vra dat alle planne om die verkiesing te ondermyn, oopgevlek sal word en dat alle omkopery en skemas om mense se stemme te beïnvloed, aan die kaak gestel en stopgesit sal word.

Gebedsfokus op redding: Dwelmbase/-verkopers

Dwelmbase en dwelmverkopers maak baie geld ten koste van ander se lewens. Baie kinders wat by dwelmhandel betrokke is, gaan daarmee voort wanneer hulle ouer word. Hulle beweeg "op met die ranglys" om magtiger posisies bo ander dwelmverkopers in te neem en raak gevolglik dieper by dwelmnetwerke betrokke. Roep tot God om jong kinders uit dwelmhandel te verlos. Bid dat ouer kinders wat alreeds by dwelmnetwerke betrokke is en wil wegbreek, dit deur die genade van God sal kan doen. Bid vir die verlossing van almal wat dwelms verkoop, en veral vir dwelmbase. Vra dat hulle hulle lewens dramaties sal verander en baie ander sal trek om ook vir Christus te volg.

Dinsdag 31 Maart 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir 'n uitstorting deur die Heilige Gees van 'n gees van gebed en smeking oor ons land, sodat mense dag en nag tot God sal roep om die situasie in ons land te verander. Bid dat Christene God se beloftes uit die Skrif oor ons land en sy mense en leiers sal uitroep.

ROEP GOD AAN VIR WEERLOSE MENSE

Verkondig die waarheid: *U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde* (**Miga 7:18b**).

VIGS: *Verworwe Immuniteitsgebreksindroom* is 'n ernstige, dodelike siekte van die immuniteitstelsel wat deur middel van bloedoortappings, seksuele kontak of besmette naalde opgedoen word. Sedert 1981 het VIGS tot die dood van meer as 25 miljoen mense gelei, meer as vier keer die aantal Jode wat in die 2de Wêreldoorlog gesterf het of 22 Rwandese volksmoorde. Ongeveer 43% van diegene wat met MIV besmet word, is vroue. Daar is 40,3 miljoen mense wêreldwyd wat met MIV/VIGS leef, van wie een derde tussen 15-24 jaar oud is. (*30 Days of Prayer for the Voiceless*, e-pos: photogenx.kona@gmail.com).

Draai die gety deur gebed: God ons Vader, betoon asseblief genade en gryp in om die gety van MIV/VIGS wêreldwyd om te draai. Bewys asseblief U guns teenoor mediese navorsers en dokters om 'n geneesmiddel vir MIV/VIGS te ontdek. Laat manne en vroue onverskrokke na vore kom om die waarheid uit U Woord oor hierdie kwessies te verkondig.

WWJD (What would Jesus do?): Doen navorsing oor die impak van VIGS in jou gemeenskap/invloedsfeer. Vra die Here hoe jy hierdie feite aan mense met 'n hart van gebed bekend kan maak en moedig hulle aan om tot God te roep en op die beloftes in die Bybel in verband met soortgelyke kwessies te steun.

Gebedsfokus op die Woord: Behoefte aan Bybels

Vir 'n miljard mense is die Bybel 'n "luuksheid" wat hulle nie kan bekostig nie. Ongeveer 4 500 tale wag steeds vir selfs een boek van die Bybel. Elke vyf sekondes word iemand in die wêreld blind, maar die Bybel in Braille bestaan slegs in 30 tale. God wat deur Jesus blindes laat sien het, kan dit vandag nog doen, bid vir wonderwerke soos in Jesus se tyd! (News Bytes, e-pos: newsbytes@yahoogroups.com).

Woensdag 1 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat skoolkinders gedurende pouses en selfs na skool bymekaar sal kom en tyd sal maak om te bid vir die komende verkiesing en ons land. Bid ook dat studente by alle tersiêre instellings vir gereelde gebedstye byeen sal kom en dat hulle tot God sal roep vir die komende verkiesing en ons land.

Gebedsfokus op redding: Taalgrens

Slegs 3% van die wêreldbevolking praat 'n taal waarin die evangelie nog nie opgeteken is nie (*Joshua Project*, webruimte http://www.joshuaproject.net/ of e-pos: info@joshuaproject.net). Hou aan bid dat die Skrif binne die volgende 10 jaar in al die oorblywende tale vertaal sal word. Vra dat God die arbeiders sal oproep en hulle met begrip en insig sal toerus om hierdie baie belangrike werk te doen.

Donderdag 2 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Gelowiges in tronke gereelde tye vir gebed vir die verkiesing sal reël om God se Woord en beloftes vir geestelike deurbraak in ons land uit te roep.

Gesondheidsfokus: Nuwe instrument om middele-weerstandige tuberkulose te diagnoseer

Kliniese toetse wat met 'n nuwe molekulêre tegniek gedoen is, het bevind dat dié tegniek effektief werk om veelvuldige middele-weerstandige tuberkulose (MDR-TB) in omgewings wat arm aan hulpmiddels is, gou te identifiseer. Suid-Afrika se Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste en *Mediese Navorsingsraad (MNR),* en die *Foundation for Innovative Diagnostics (FIND)* het saamgewerk om 30 000 pasiënte te toets wat vermoedelik tussen 2007 en 2008 MDR-TB in Suid-Afrika gehad het. Dit is die eerste toets van sy soort wat tuberkulose kan identifiseer en is volgens die waarnemende direkteur van die TB Epidemiologie- en intervensie-navorsingseenheid by die MNR die eerste nuwe instrument vir die diagnose van tuberkulose in 50 jaar. (Webruimte: http://www.scidev.net/en/health/tuberculosis/news/powerful-new-tool-to-diagnose-drug-resistant-tb.html). Dank God dat Hy gebede vir wetenskaplike deurbrake verhoor.

Vrydag 3 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat stede en dorpe 'n oproep sal doen op halfnag- of ander gebedswake om te bid vir ons land en die komende verkiesing. Vra dat gemeentes en Christelike bedienings spesifieke en gereelde gebedstye vir die verkiesing en ons land sal instel en deurvoer.

Woordfokus: *Boek van Hoop*

In Italië het baie min Christene 'n ware verhouding met Christus, alhoewel hulle daarop aanspraak maak dat hulle 'n Christelike bevolking het. Daar is egter 'n gemeente in Palermo, Italië, wat bid dat die situasie sal verander namate hulle 2 500 eksemplare van die *Book of Hope* versprei. Hulle het die boek aan die onderwysers wat godsdiensonderrig gee, bekend gestel, aangesien baie mense in die gemeente onderwysers is. Baie gebruik nou reeds die *Book of Hope* as die amptelike boek vir die godsdiensonderrigperiode. Bid dat talle kinders op die boodskap van redding in die boek sal reageer. (Lars Widerberg, Intercessors Network, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Saterdag 4 April 2009

Gebedsfokus op die jeug: Tieners en kinders

Die Suid-Afrikaanse jeug ervaar dubbeld die hoeveelheid geweld in vergelyking met volwassenes. Kinders en die jeug in Suid-Afrika is kwesbaar as gevolg van die gewelddadige gemeenskappe waarin hulle bly. Hulle is dikwels slagoffers van geweld, maar hulle leef ook saam met geweld, wat beteken dat hulle begin aanvaar dat geweld 'n manier is om probleme op te los. Maar deur by ontspanningsaktiwiteite betrokke te wees, kry kinders 'n gevoel van hoop, 'n doel en selfrespek, en dit skep 'n omgewing vir gesonde verhoudings. (*HEARTLINES*, tel.: 011 771 2540. Webruimte: http://www.heartlines.org.za of e-pos: info@heartlines.org.za). Dank God vir baie inisiatiewe wat reeds aan die gang is en 'n verskil maak. Vra die Here hoe u en u gemeente by soortgelyke aktiwiteite betrokke kan raak.

Risiko van terugkeer van borskanker laag na 5 jaar

'n Nuwe studie toon dat vroue wat vyf jaar oorleef nadat borskanker by hulle gediagnoseer is, 'n goeie kans staan om kankervry te bly. In die mees breedvoerige studie van dié aard, toon 'n nuwe verslag dat 89% van hierdie vroue siektevry bly vir 10 jaar na die diagnose en 81% is na 15 jaar nog kankervry. (Webruimte: http://www.azcentral.com/news/articles/2008/08/13/20080813breastcancer0813.html?source=nletter). Dank die Here dat Hy gebede beantwoord en dat Hy belangrike deurbrake, spesifiek ten opsigte van borskankernavorsing, laat gebeur het. Hou aan bid dat hierdie siekte wat vroue doodmaak, binne die volgende 10 jaar heeltemal oorwin sal word.

Vroue wat bid: Leer jou kinders om te bid

'n Mens leer 'n kind nie in een dag om te bid nie. Dit vereis lang gesprekke (met hulle), demonstrasie (deur jouself) en oefening (laat hulle dit self doen). Hulle leer die maklikste as hulle jou hoor bid. Kinders doen wat hulle ander sien doen. Hier volg 'n paar idees oor hoe om 'n leefstyl van gebed by jou kinders te kweek. Leer hulle om met God te praat asof Hy 'n werklikheid is (wat Hy inderdaad is), sodat hulle graag met Hom sal wil praat!

1. **Wees eerlik in gebed:** Ons kan kinders leer om 'dankie', 'jammer' en 'asseblief' vir die Here te sê op dieselfde manier as wat ons hulle leer om dit vir ons te sê. Ons kan hulle help en leer om ander te vergewe en uiters belangrik, om hulleself te vergewe. Dit is nie altyd maklik nie, maar dit is belangrik vir kinders om te weet dat hulle eerlik met God mag wees en vir Hom kan sê wat vir hulle moeilik is. So leer hulle om vir die Here te vra om hulle te help om te wil vergewe.
2. **Maak gesinsgebed 'n gewoonte:** Gesinstye van gebed kan tye van spanning of genot wees. Weet dit en moenie mismoedig raak nie. Bid aan die begin van maaltye. Maak seker dat julle as 'n gesin saambid – alle lede ingesluit – ten minste een keer per week. Gee elkeen 'n kans om te bid ongeag hoe eenvoudig die gebed.
3. **Bid altyd**: As kinders na jou kom met 'n probleem, luister fyn. Vra eers vir hulle hoe húlle dink die situasie kan verbeter. Help hulle as dit vir hulle moeilik is. Gebruik dan die oomblik om vir hulle te leer om dit daar en dan vir God te vra. Dit is belangrik dat jy 'n voorbeeldgebed bid en dit is ook belangrik dat jy hulle sélf laat bid. Op die manier leer hulle hoe om self te bid as hulle probleme het of voor moeilike situasies te staan kom.
4. **Bid wanneer iemand siek is**: Kinders glo alles is moontlik totdat liggelowige ouers vir hulle sê dit is nie! Daar is nie beter gebedsoldate vir siekes as kinders nie. Jesus het gesê ons moet na Hom toe kom soos kinders. As iemand in die gesin nie gesond voel nie, doen spesiaal moeite om vir mekaar te bid sodat gebed vir die siekes deel van die kinders se leefstyl word.
5. **Gebed kan sang wees**: Kinders is lief om te sing. Sang is vir die Here 'n baie belangrike deel van gebed. Dit leer kinders om God te aanbid ook vir wie Hy is en nie net vir dit wat Hy vir hulle kan doen nie. Maak seker dat jy dikwels en spontaan vir die Here in die huis sing. Sing bekende aanbiddingsliedere of spontane liedere oor wie God is. Dit sal kinders leer om self vir God te sing.
6. **Bid terwyl jy lees**: Alle kinders is lief vir boeke wanneer hulle klein is. Vra die Here hoe jy hulle met die Bybel kan boei. Maak seker dat jy gereeld vir hulle uit die Bybel lees. Moenie net uit kinderbybels lees nie, maar soms ook uit jou eie Bybel. Oefen om dit wat jy lees op praktiese situasies toe te pas en vra die kinders om daaroor te bid.
7. **Doen jou tuiswerk**: Kyk of jy een keer per week of van tyd tot tyd saam met ander ma's 'n groep kinders bymekaar kan kry. Maak beurte om elke week 'n gebedstema uit te werk, iets wat die kinders saam kan doen. Daar is baie bronne met idees oor hoe om kinders te leer bid. Maak seker dat jy spesiale moeite doen om in jou kinders se lewens te belê.
8. **Bid die Woord**: Help hulle om Skrif oor elke dag se probleme te bid en te proklameer. Dit sal vir jou ook werk! Hier is 'n paar voorstelle:
   As God ver voel: *Nader tot God en Hy sal tot julle nader* (**Jakobus 4:8**).
   As hulle sukkel om God te glo: *Ek glo … Help my in my ongeloof* (**Markus 9:24**).
   Wanneer hulle bang is oor iets: *Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing* (**2 Timoteus 1:7**).
   As hulle mismoedig voel Waarom is ek so in vertwyfeling?... Vertrou op God! (**Psalm 42:6**).